Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 13: *Sh'mot* (שמות) – Name

Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Egipte ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom. Ex. 1:1 – PWL[1]

Torah: Ex. 1:1 tot 6:1.

Haftorah: Jes. 27:6 tot 28:13 en Jes. 29:22 en 23

Hernieude Verbond: Luk. 5:12 tot 39; Matt. 22: 23 tot 33 en 41 tot 46. Hand. 3:12 tot 15; Hand. 5:27 tot 32; Hand. 7:17 tot 36; Hebr. 11:23 tot 26**.**

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 13 wat afgelaai kan word by: Parashah13Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info

God's law is a thing of beauty because it's an expression of who He is – Izzy Avram

Daarom is dit uiters belangrik om onsself voortdurend daaraan te herinner dat YHVH se Torah ons Vader se liefdevolle onderrig en instruksies is hoe om as geregverdigde te lewe. Dit kan vergelyk word met 'n liefdevolle aardse vader wat sy kinders opvoed om voorspoedig, suksesvol en geseënd as kinders en as volwassenes te lewe. Daarom behoort ons saam met die Psalmdigter te sê:

Ek het U gesoek met my hele verstand, wil en emosie; laat my nie afdwaal van U opdragte nie. U woorde het ek beskerm in my verstand sodat ek nie teen U sal sondig nie. Geseënd is U, o יהוה! Leer my U instellings! Met my lippe het ek al U regverdige oordele oorvertel. Ek was verheug in die lewenswyse van U getuienisse; meer as in alle rykdom. Ek het U instruksies oordink en is bekend met U lewenswyses. Ek het U wet oordink sodat ek nie U boodskappe sal vergeet nie. Ps. 119:10 tot 16 – PWL.

Met die bestudering van Torah moet ons ook altyd onthou dat Yeshua die Boom van die Lewe is. Yeshua Messias is die Lewende Torah – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

En Hy (Yeshua) het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het. Luk. 24:27.

Die hart van Torah is Yeshua Die Gesalde Een!!

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My (Yeshua) glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:46.

[1] Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Midrash (Torah Bespreking)

Die tweede boek van Moses word in die *Tanakh* (ou testament) *Sh'mot* genoem en beteken *Name*. Dit is so genoem na aanleiding van die eerste twee Hebreeuse woorde van hierdie boek, naamlik: *we'elleh sh'mot*, wat as *hierdie is die name* vertaal word. Die naam *Exodus* is egter 'n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek, inderhaas vertrek* of *uitgaan* beteken. Hierdie boek is in die tweede eeu voor Messias deur die vertalers van die Tanakh vanuit Hebreeus na Grieks so genoem omrede dit hoofsaaklik handel oor Israel se bevryding van die Egiptiese slawejuk, hulle uittog uit Egipte en die begin van Israel wat onder die Koningskap van YHVH funksioneer.

Op grond van die naam Exodus vind ons een van die sleuteltekse van *Sh'mot* in Ex. 14:30 en 31 (PWL).

So het יהוה Yisra'el dan dié dag ***uit die hand van die Egiptenare gered*** *en Yisra'el het die Egiptenare dood gesien aan die kant van die see. Yisra'el het die groot Hand gesien wat יהוה teen die Egiptenare gebring het en die volk het יהוה respekvol gevrees en vertrou in יהוה en in Moshe, Sy dienskneg.*

Exodus (*Sh'mot*) se sentrale tema is dus die *verlossing* (redding, bevryding) van Israel. Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk red van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kan dien volgens 'n verbondsverhouding, naamlik volgens die verbond met Abraham en die verbond van die Torah, en sodat Hy vir hulle 'n God en Koning kan wees en Israel 'n koninklike priesterdom in YHVH se Koninkryk op aarde kan wees.

Die Gevaar Van Voorspoed

In ons vorige Torah Skriflesing, naamlik die laaste van Genesis, het ons afskeid geneem van Jakob en Josef. Soos genoem het ons aan die einde gekom van die geskiedenis van ons patriarge en matriarge. Ons het aan die einde gekom van Israel se verblyf in Egipte en het gekom aan die begin van Israel se terugkeer na die Beloofde Land Kanaän!

Aanvanklik het Jakob en sy huishouding na Egipte gegaan met die doel om net daar te bly tot die hongersnood verby was. Dit was veronderstel om slegs 'n tydelik tuiste te wees!

Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Mitzrayim ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom: Re'uven, Shim'on, Levi en Y'hudah; Yissakhar, Z'vulun en Binyamin; Dan, Naftali, Gad en Asher. Al hierdie lewens wat uit Ya'akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim. Yosef, al sy broers en daardie hele geslag is dood. Die kinders van Yisra'el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en hulle het die land gevul. Ex. 1:1 tot 7 – PWL.

Maar volgens die woorde van YHVH aan Abraham (Gen. 15:13), en soos deur die geskiedenis bevestig word, het Jakob se nageslag vir 400 jaar in Egipte gebly. In Egipte het hulle voorspoed ondervind en daarom lees ons in vers 7 dat *die kinders van Yisra'el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en hulle het die land gevul*.

Die voorspoed in Egipte het meegebring dat Israel hulle geestelike erfenis vergeet het! Hulle het die belofte van die Beloofde Land verruil vir die materiële en vir die tydelike! Die nageslag van Abraham, Isak en Jakob het hulle roeping en hulle eindbestemming as volk vergeet!

YHVH-God moes ingryp! Daarom lees ons:

Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie. Ex. 1:8.

Die waarskynlike betekenis van 'n Farao *wat niks van Josef geweet het nie* is dat die regeringsinvloed wat Josef in Egipte gehad het na sowat 400 jaar verdwyn en vergete geraak het. Die Farao wat nou aan bewind gekom het wou sy eie stempel op Egipte plaas en bowedien het hy die Israeliete gevrees

(Ex. 1:9 en 10). Die goeie werke wat Josef aan Egipte gelewer het, was na bykans 400 jaar deur die koninklike gesag vergete!

Hierdie dien as herinnering dat ons goeie werke van vertroue in YHVH en ons gehoorsaamheid aan Torah maklik deur mense vergeet word, maar dit volg ons tot in die hemel (Open. 14:13). Dit dien ook as herinnering dat dit Vader-God is wat ons werke sal oordeel en nie mense nie!!

So is hy wat plant of hy wat natmaak dus niks nie, maar God wat laat groei. Hy wat plant en hy wat natmaak, is egter dieselfde, maar elkeen sal sy loon volgens sy arbeid ontvang, want ons is medewerkers van God en julle is die oes van God, die gebou van God. Vanuit die onverdiende guns van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n wyse argitek die fondament gelê en 'n ander bou daarop, maar elkeen moet oplet hóe hy daarop bou, want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie - dit is Yeshua, Die Gesalfde Een. As enige iemand op dié fondament bou met goud, silwer, kosbare stene, hout, gras of stoppels - elkeen se dade sal aan die lig kom, want die dag sal dit uitwys omdat dit deur vuur openbaar gemaak word en die vuur sal elkeen se werk toets. Die een wie se dade, wat hy daarop gebou het, bly staan, sal sy beloning kry. As iemand se dade verbrand word, sal hy skade ly; hy self sal ontsnap, maar soos deur vuur heen. 1 Kor. 3:7 tot 15 – PWL.

Josef se werke het ewigheidswaarde gehad – nie in die oë van mense nie, maar wel volgens YHVH se meetsnoer!

Daarom het Yeshua gesê:

Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie. Matt. 6:19 en 20.

Israel se omstandighede het feitlik oornag verander toe daar opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel was om hulle met harde arbeid te verdruk (Ex. 1:11). Wat as vanselfsprekende voorspoed aanvaar was, het in teenspoed verander! Die les wat ons hieruit leer is dat ons almal geneig is om voorregte, luukshede en oorvloed as noodsaaklikhede te beskou en dit as vanselfsprekend te aanvaar. Dit wat ons voorheen nie kon bekostig en nie besit het nie kan sogenaamde noodsaaklikhede word in tye wat ons voorspoed ervaar! Ons is baie vinnig om aanspraak te maak op ons regte, maar vergeet meestal dat dit eerder as voorregte beskou moet word.

So maklik kan ons vergeet wie is ons bron van voorsiening in al ons behoeftes en van ons oorvloed!

Maar onthou יהוה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is. Deut. 8:18 – PWL.

Daarom moet ons bewus wees van die gevare van voorspoed, want dit kan 'n binding word waarvan ons moeilik bevry kan word! Wanneer ons deur die materiële gebind word, is dit ons geestelike welsyn wat dikwels daar onder ly. Ons word herinner aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mammon te werk nie! Matt. 6:24 – PWL.

Is dit nie wat met Israel gebeur het nie? Die aanloklikhede van die Egiptiese samelewing het waarskynlik hulle roeping as YHVH se uitverkore volk verdoof! Was Israel besig om te 'ver-Egipties'? Was Israel besig om hulle identiteit te verloor? Hierdie afleidings kan ons maak in die lig daarvan dat Israel in 400 jaar geen poging aangewend het om terug te keer na die Beloofde Land nie. Israel het geestelike slawe van 'n verdorwe samelewing geword lank voor hulle fisiese slawe van Egipte geword het! Daarom moes YHVH ingryp en as te ware die mat van gemaksug en voorspoed onder Israel uitpluk. YHVH moes omstandighede in Egipte skep wat Israel sou dwing om weer op YHVH se plan en doel te fokus.

Hierdie behoort ook vir ons ‘n les en waarskuwing te wees. Soos iemand tereg gesê het: *Assimilation poses a greater danger to the people of God than persecution*! Dit is in tye van verguising en teenspoed dat mense neig om saam te staan en om terug te keer tot YHVH. Dit is dan wanneer die geestelike belangriker word as die materiële! In tye van beproewing is ons identiteit as kinders van YHVH-God en ons verhouding met Hom die belangrikste. Beproewinge is tye van selfondersoek!

Hierdie is die les wat Israel geleer het en wat ons ook ter harte moet neem! Die doel van tugtiging is om die vader-kind verhouding te herstel!!

Bepeins of Bespreek

1. Ons persoonlike omstandighede kan in ‘n oogwink verander deur siekte, dood, ‘n ongeluk, ens. Volgens wêreldgebeure leef ons ook in tye waar ons omstandighede oornag kan verander.

   Freedom Has Never Been More Precious ... Or More Vulnerable – Belle Ringer

   Is ons gereed hiervoor? Is ons anker die materiële en gemaksugtigheid of is ons anker, ongeag ons omstandighede, die genade in Yeshua ons Messias en ons Vader se Torah?

2. Volgens hedendaagse lering deur die ‘kerk’ is voorspoed ‘n teken van YHVH se seën. Terwyl dit wel waar is, is die geskiedenis van Israel in Egipte ‘n herinnering dat daar ‘n anderkant van die munt is! Wat is ware voorspoed en wat behels ‘n lewe van oorvloed wat ons in Yeshua deelagtig kan wees (Verwys Joh. 10:10)?

   - Ons moet ophou om Satan vir alle teenspoed en beproewinge te beskuldig. Ons moet kan onderskei wanneer is dit die wil van Vader-God en wanneer is dit ‘n aanval van Satan of weens verkeerde besluite wat ons geneem het. Teenspoed en beproewing vereis eerstens selfondersoek!

     In life you have your choice; you can do it the right way or the easy way. And the easy way is not always the right way!

     Let’s be done once and for all with this life enhancement Christianity that makes God a means instead of the glorious end that He is!

     If you are not allowing the Spirit of Yahuah to daily train and discipline you in obedience, you’re no soldier of His!

3. Indien ons Gen. 46:26, Ex. 1:5, Deut. 10:22 en Hand. 7:14 vergelyk dan sien ons ‘n verskil in die aantal siele wat na Egipte gegaan het. Gen. 46:26 gee die getal as 66 en beide Ex. 1:5 en Deut. 10:22 gee die getal as 70, terwyl Hand. 7:14 na 75 siele verwys. Hoekom is daar die verskille in genoemde teksverse? Beteken dit dat die Skrifte onbetroubaar is? Nee, die antwoord is in die wyse wat die siele getel word, naamlik wie van die huishouding van Jakob word ingesluit in die telling. Die moontlikheid bestaan ook dat Stefanus van die Septuagint se weergawe van die tel van die aantal siele gebruik gemaak het om by die getal 75 uit te kom. Hoewel hierdie verskille geen ewigheidswaarde het nie is die volgende inligting volgens *Adam Clarke’s Commentary on the Bible* tog interessant:

   Various means have been proposed to find the seventy persons in the text, and to reconcile the Hebrew with the Septuagint and the New Testament. A table given by Scheuchzer, extracted from the Memoires de Trevoux, gives the following general view:

The Twelve Sons of Jacob with Their Children and Grandchildren.	
Reuben and his four sons	5
Simeon and his six sons	7
Levi and his three sons	4
Judah and his seven sons and grandsons	8
Issachar and his four sons	5
Zebulun and his three sons	4
Total sons of Jacob and Leah	33
Gad and his seven sons	8
Asher and his seven sons and grandsons	8
Total sons of Jacob and Zilpah	16
Joseph and his two sons	3
Benjamin and his ten sons	11
Total sons of Jacob and Rachel	14
Dan and his son	2
Naphtali and his four sons	5
Total sons of Jacob and Bilhah	7
Total sons of Jacob and his four wives	70

"To harmonize this with the Septuagint and St. Stephen, Acts 7:14, to the number sixty-six (all the souls that came out of Jacob's loins,(Gen. 46:26) add nine of the patriarchs' wives, Judah's wife being already dead in Canaan, (Gen. 38:12), Benjamin being supposed to be as yet unmarried, and the wife of Joseph being already in Egypt, and therefore out of the case: the number will amount to seventy-five, which is that found in the Acts." - Universal History.

Dr. Hales' method is more simple, and I think more satisfactory: "Moses states that all the souls that came with Jacob into Egypt which issued from his loins, (except his sons wives), were sixty-six souls, Gen. 46:26; and this number is thus collected:

Jacob's Family	
Jacob's children, eleven sons and one daughter	12
Reuben's sons	4
Simeon's sons	6
Levi's sons	3
Judah's three sons and two grandsons	5
Issachar's sons	4
Zebulun's sons	3
Gad's sons	7
Asher's four sons, one daughter, and two grandsons	7

Dan's son	1
Naphtali's sons	4
Benjamin's sons	10
Total	66

"If to these sixty-six children, and grandchildren, and great grandchildren, we add Jacob himself, Joseph and his two sons, the amount is seventy, the whole amount of Jacob's family which settled in Egypt.

"In this statement the wives of Jacob's sons, who formed part of the household, are omitted; but they amounted to nine, for of the twelve wives of the twelve sons of Jacob, Judah's wife was dead, Gen. 38;12, and Simeon's also, as we may collect from his youngest son Shaul by a Canannitess, Gen. 46:10, and Joseph's wife was already in Egypt. These nine wives, therefore, added to the sixty-six, give seventy-five souls the whole amount of Jacob's household that went down with him to Egypt; critically corresponding with the statement in the New Testament, that 'Joseph sent for his father Jacob and all his kindred, amounting to seventy-five souls.' The expression all his kindred, including the wives which were Joseph's kindred, not only by affinity, but also by consanguinity, being probably of the families of Esau, Ishmael, or Keturah. Thus does the New Testament furnish an admirable comment on the Old." - Analysis, vol. ii., p. 159.

-o-o-o-o-o-o-o-

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.